Hoërskool Sand du Plessis

POSBUS 32015
FICHARDTPARK
9317

PASTEURRYLAAN
BLOEMFONTEIN

☎ 051 522 4071
✉admin@sannies.co.za

14 Desember 2020

Geagte Sanniesouers

KERSGROETE
Die Beheerliggaam en personeel van Hoërskool Sand du-Plessis wens elke ouer/voog en leerder 'n wonderlike feesgety toe. Ons bede is dat u 'n wonderlike Christusfees sal hê en heerlik vir 2021 sal uitrus.

RAPPORTE VAN NOVEMBERKONTROLETOETSE
U kind het vandag sy/haar rapport ontvang. Baie geluk aan elke leerder wat die soet vrugte van harde werk nou pluk! Ouers het die reg om skriftelik tot 2 Februarie 2021 appèl aan te teken teen die besluit van die skool dat 'n leerder die jaar moet herhaal.

SKOOL -EN BUSGELDE BETAALBAAR IN 2021
Die skoolgelde vir 2021 is R 1500 per maand, vir 11 maande, betaalbaar vanaf Januarie tot November. U kan nou reeds betalings in die skoolrekening doen. Gebruik u kind se leerdernommer as verwysing. 5% afslag word toegestaan aan ouers, indien die volledige bedrag van R 16 500 betaal is teen 28 Februarie 2021.

Busgelde vir 2021 is R 620 per maand, vir 11 maande, betaalbaar vanaf Januarie tot November. Leerders wat in die oggend en die middag ry sal voorkeur kry. Busgelde is streng vooruitbetaalbaar. Alle betalings moet teen die 7de van die maand gedoen wees. Leerders sal nie opgelaai word indien daar agterstallige gelde is nie.

VAKVERANDERINGE VIR GR 10-11 LEERDERS
Alle vakveranderinge moet afgehandel wees teen 1 Februarie 2021. Individuele leerders wat vakveranderinge ernstig moet oorweeg het 'n vakveranderingvorm as deel van hierdie pakkie ontvang.

WISKUNDE AS VAK IN GR 10
Enige gr. 10 leerder mag Wiskunde/Tegniese Wiskunde neem as vak MAAR die skool beveel ten sterkste aan dat leerders wat minder as 40% vir Wiskunde in gr.9 gekry het eerder Wiskundige Geletterdheid as vak moet neem.

COVID-REGULASIES IN 2021
Pres Ramaphosa het die ramptoestand tot 15 Januarie 2021 verleng. Die verwagting is dat die huidige regulasies vir skole ook gehandhaaf sal word, wat beteken dat alle gr 10-12-leerders elke dag by die skool sal moet wees, maar dat die gr 8 en 9-leerders, weer soos in 2020 in 'n Groep 1 en Groep 2 verdeel sal word. Die gr 8-9-leerders sal dus net elke tweede dag skool bywoon.

Hierdie reëling word getref met die inligting tans tot ons beskikking. Dit kan gebeur dat ons toegelaat sal word om in 2021 alle leerders elke dag by die skool te hê. Bevestiging van die reëling sal die dag as die skool begin met alle ouers en leerders gekommunikeer word.

ALLE GR 8-12 LEERDERS MOET EGTER OP 27 JANUARIE 2021 OM 7:30 BY DIE SKOOL WEES.

ONTVANGS VAN DIE NUWE GR. 8-LEERDERS OP 27 JANUARIE 2021
Dit sal nie moontlik wees om die gr 8 leerders tydens 'n tradlsionele saalperiode te verwelkom nie. Alle gr. 9-12-leerders meld op 27 Januarie by hek B aan. Die huidige leerders sal dan 'n erewag vorm waardeur die gr. 8-leerders sal beweeg, op pad na die Reynekesaal. Die saalperiode sal slegs deur die gr. 12-VRL, die gr. 8-leerders en hulle ouers bygewoon word.

AANSOEK OM SKOOLFONDSVRYSTELLING

Aansoekvorms vir skoolfondsvrystelling is by mev. Ilana Botha vanaf 20 Januarie 2021 beskikbaar. Alle dokumente moet 2021 datums op hê bv bankstate: November 2020-Januarie 2021. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 28 Februarie 2020.

'n Verpligte inligtingsvergadering vir alle ouers wat vir skoolfondsvrystelling wil aansoek doen, sal gehou word op Woensdag, 3 Februarie, om 17:30 in die Reynekesaal. Belangrike inligting sal met u bespreek word tydens die vergadering wat die aansoek en keuringsproses vir ouers en die skool baie sal vergemaklik.

LEERDERS IN PLEEGSORG

Voogde van leerders in pleegsorg, hetsy kinderhuis of deur hofbevele, moet verseker dat alle relevante dokumentasie vir 2021 teen 31 Januarie 2021 by Mev Botha ingedien is.

SKRYFBEHOEFTES

'n Volledige lys met skryfbehoeftes is by hierdie brief ingesluit.

SKOOLDRAGVERSKAFFERS

- Trio Supplies Schoolwear: Skoolrokke
- Kloppers: Baadjie, das, rokke, swartbroeke
- San-Dré Embroidery: Chris van Niekerklaan 41, Generaal de Wet. Telefoonnr. 051–522 9725 of 083 294 2556 (Sportdrag, sweetpakke, dasse, rokke, baadjies en truie)
- Gr 12 drag op bestelling by die skool

LEERDERS WAT SAND DU PLESSIS AAN DIE EINDE VAN DIE JAAR VERLAAT

Graag versoek ons ouers wie se kinders ons skool aan die einde van die jaar verlaat, om vroegtydig met die kantoor te skakel om vir 'n oorplasingsertifikaat te reël.

BELANGRIKE DATUMS VIR 2020 REEDS BESKIKBAAR

20 Januarie:	Skool se verjaarsdag
22 Januarie:	Gr. 11-12-leerders ontvang handboeke met bewys van betaling
26 Januarie	Alle gr.8-leerders meld om 12:00 aan.
27 Januarie:	Skool heropen vir alle leerders om 7:30
28 Januarie	Gr.12-leerders se geesvangdag
29 Januarie:	Gr 8-oriëntering. Bring en braai saam met die gr 8 leerders se ouers (18:00)
3 Fevruarie:	Inligtingsvergadering met ouers: Skoolfondsvrystellingsaansoeke
4 Februarie	Pretdraf en waterkaskenades
8 Februarie:	Kleure-atletiek
9 Februarie:	Pretswem
13 Februarie:	Sone Atletiekbyeenkoms
12 Februarie:	Valentynsokkie
19 Februarie:	HTS Uitnodigingsbyeenkoms
26 Februarie:	Banieredag
27 Februarie:	Pres Steyn Sportdag
5 Maart:	Entrepreneursdag
9 Maart:	Beheerliggaam algemene verkiesing
13 Maart:	Brandfort Sportdag
15 Maart:	Toetsreeks begin
31 Maart:	Skole sluit

Hartlike Sanniesgroete.

.....

Willem du Buisson
Skoolhoof